

# Nuusbrief

Augustus 2016



## ONS GAAN SEE TOE!!!

Dit is weer die tyd van die jaar wat ons, ons kinders wegneem op 'n lekker bederf. Ons gaan Margate toe en is die huis wat ons gaan huur, somer lekker loopafstand na die see toe. En daar is somer 'n groot opgewondenheid in die huis en word die slabies fluks afgetel. Almal sien uit net om bietjie te kan ontspan, van al die seer te kan vergeet, al die stress en net lekker in die branders en sand te gaan speel.

Dit is die eenkeer in die jaar wat ons somer net lekker bederf, 'n lekker uiteet hier en daar, waffles by Ramsgate en gaan hulle 'n wonderlike tyd by Wild Coast Sun se Waterpark hê!

Dit was regtig 'n moeilike jaar op die emosionele vlakke, is ons tans besig met 'n hofsaak en somer net seerkry goedjies wat weer uit die kas klim! Ek wens partykeer ek kon pleisters plak met 'n soentjie daarop, en al die seer is weg, maar ongelukkig is dit goedjies wat tyd vat en wat ons so saam-saam moet deurwerk.

Dit is waarom dit so baie belangrik is, om vir eenkeer in die jaar, almal in die bussie te laai en net lekker vakansie te gaan hou! Al die spinnerakke moet weg!

Om die moontlik te maak, het ons werklik die hulp van mense nodig om te help. Finansieel benodig ons nog R22 000, en dit is vir die verblyf, brandstof, tolhekke, kruideniersware, uitstappies, ens. Ons is 15 mense wat gaan, en wil dit net 'n groot bederf vir die kinders maak.

Verder benodig ons ook swembroeke, kortbroeke en t-hemde, plakkies, sonbrandmiddel, langlewe melk, kitspappe, suiker, koffie, rooibostee, beskuit, koekies, en lekkers vir die kinders. Enige bydrae sal werklik waardeer word! Help my

Kontakbesonderhede: 083 696 8600 of 012 644-2524

E-pos: [theresag@ki-deo.co.za](mailto:theresag@ki-deo.co.za)

[www.ki-deo.co.za](http://www.ki-deo.co.za)

FB: Ki-Deo

### Bankbesonderhede:

**Naam:** Ki-Deo

**Rek no.:** 408 766 5914

**Takkode:** 632 005

**Verw:** Vakansie

**E-mail bewys van betaling na**  
[theresag@ki-deo.co.za](mailto:theresag@ki-deo.co.za)

**Ons is 'n**  
**geregistreeerde**  
**welsynsorganisasie**  
**met die nodige NPO**  
**asook BEE sertifikate**  
**en kan ons 'n artikel**  
**18A sertifikaat uitreik**  
**wat gebruik kan word**  
**vir**  
**belastingdoeleindes.**



asseblief om dit moontlik te kan maak vir ons baie spesiale hartkinders!



## Ons Kinders

Ons het twee nuwe seuntjies by die huis, 4jr en 7jr oud, nog so bitter klein en is die lewe darem partykeer net so onregverdig. Hulle kom maar uit baie seer omstandighede en sal ons 'n lang pad van intensiewe terapie met hulle moet stap.

Partykeer wil hierdie moederhart net nie hou met al die seerkry stories nie en kry ek emosioneel swaar. Maar Jesus sal nooit iets oor ons pad bring waarvoor ons nie toegerus is nie, want Hy gee ons die insig, wysheid en kennis en kan ek net die kanaal wees waardeur Hy werk. Daar is soveel dae wat ek net voel, Here help, want nou weet ek nie! En dit is waarom dit so belangrik is dat ons mense het wat vir ons as ouers maar ook die kinders bid. Dit is wonderlik om die pad saam met elke kind te stap, om die vertroue in hul ogies te sien, die handjie wat in jou hand glip en die "ek is lief vir jou tannie"! Die blydschap in hul ogies wanneer hulle terugkom huistoe en vertel dat hulle verlang het na 'n vakansie of uitnaweek. Daar was al soveel dae wat ek so moedeloos gevoel het oor verskillende situasies, maar wanneer ek hierdie hartkinders van my sien, al hul liefde en vertroue, weet ek dat dit is waar ek moet wees!

Ons het 'n matrikulant die jaar en is ons baie opgewonde oor haar toekoms. Sy wil graag Haarversorging gaan studeer by Centurion Akademie en gaan die 22ste vir haar beursaansoek by die Atterbury Trust. Sy is so 'n kreatiewe entjie mens en is sy die een wat gewoonlik almal se hare doen. Ons hou styf duim vas en dan sal ons verder haar kit moet finansier wat sy in die tydperk gaan gebruik vir haar kursus, maar ook as haarkapster.

Ek kan net nie glo dat die jaar ookal weer einde se kant toe staan nie, tyd het werklik gevlieg en gaan ons volgende jaar weer 'n matrikulant hê en ook 'n graad 8-gie! Ons dogter wat hoërskool toe gaan, was maar 5jr oud toe sy by ons geplaas is. Ek onthou hierdie vreeslik bang dogtertjie, so kleintjies, die mooiste pop, maar 'n ongelooflike seerkry kindjie. Vandag is sy 'n pragtige tiener, met soveel selfvertroue en kon sy deur al die seer werk en is sy ook 'n leier by haar laerskool. Dit is wanneer mens terugstaan en aan elke kind dink oor die afgelope 11jr, wat jy werklik God se genesingswerk en sy hand in Ki-Deo sien. Dit is so 'n ongelooflike journey, met soveel wonderwerke wat ons beleef dat ons net kan dankie sê!

Kontakbesonderhede: 083 696 8600 of 012 644-2524

E-pos: [theresag@ki-deo.co.za](mailto:theresag@ki-deo.co.za)

[www.ki-deo.co.za](http://www.ki-deo.co.za)

FB: Ki-Deo



## 11 Jaar Oud

'n Mens kan nie anders as om so dankbaar te wees vir 11jr waarin ons net God se goedheid en guns kon ervaar nie. Ek onthou nog soos gister met hoeveel opgewondenheid ons op 1 Julie 2015 ingetrek het. Ons gesin, almal in een kamer om die res van die huis te kon regkry vir die kinders wat op 15 Julie by ons geplaas sou word.

Mense van oral oor het gegee, kom help verf, teëls was gelê, badkamer gebou en so kan die lysie aangaan. Toe ek die eerste twee kinders gaan haal het die dag, het ek maar nog baie onseker gevoel oor hoe ons hierdie groot taak gaan aanpak, wat ons gaan doen, gaan ons 'n goed genoeg mamma en pappa wees vir hierdie baie seerkry kinders? Deur baie foute maar ook deur die Heilige Gees leiding, glo ek dat ons ons darem 'n huis en tuiste vir ons kinders kon skep. Kon ons die pad stap en soveel genesing sien in hierdie stukkende ou lyfies! Hoe kosbaar en spesiaal!

Soveel memories, maar ook die onthou van toe die stoof gebreek het en ons tussen die vuur en 2-plaat stofie moes survive met kosmaak. Hoe een van die buitekamers se dak afgewaai het een stormaand, die kinderlike geloof van, die Here sal voorsien wanneer ons 'n tekort gehad het, fondse vir skooltoere, ens. Ek onthou die aand wat ek so gestaan en kyk het en besef het dat die suiker en waspoeier op is en half moedeloos gestaan en sommetjies maak het. Net daarna het daar iemand aangekom met suiker en waspoeier. Dit het my so nederig laat voel, want God het gegee voordat ons nog kon vra, maar tog die opgewondenheid van, die Here het voorsien!!



Toe ons huisouers geword het, moes ek my motor verkoop en het ons nog nie 'n bussie gehad om almal te kon vervoer nie. Die welsyn het toe vir ons 'n klein Mazda karretjie gegee, en het ek elke oggend 2 ritte en elke middag 2 ritte gedoen om almal by die skool te kon kry. Ingebondel dat jy net gesiggies kon sien! Daarna het ons die Vito gehad wat Mercedes gesponser het en intussen het ons kinders groter geword en kon ons nie almal meer inprop nie. Die groot geloofsaak was vir 'n Quantum en weereens het die Here uitkoms gegee deur soveel mense en besighede wat hul harte oopgemaak het en bygedra het sodat ons die bussie kon koop.

Soveel verskillende mense oor soveel seisoene wat betrokke geraak het en gehelp het om 'n verskil in ons kinders se lewens te help maak. Hartsmense wat omgee en help om Ki-Deo al vir 11jr te dra. Sonder elkeen van julle, sou ons dit nie kon doen nie.

Kontakbesonderhede: 083 696 8600 of 012 644-2524

E-pos: [theresag@ki-deo.co.za](mailto:theresag@ki-deo.co.za)

[www.ki-deo.co.za](http://www.ki-deo.co.za)

FB: Ki-Deo



Oor die 11jr het ons al 7 leiers gehad, kinders wat in kultuur, sport en akademie uitgeblink het, ongelooflike kinders wat wenners is, kinders wat uit die swakste en slegste omstandighede gekom het, tog laat hulle nie toe dat dit hulle onderkry nie. Is hulle male sonder tal vir my so 'n groot voorbeeld en inspirasie en is dit wonderlik om die pad met elkeen van hulle te kan stap. Dit is waarom ons altyd vir hulle net die beste wil gee, hul menswaardigheid wil herstel en sorg dat niemand hulle kan assosieer as 'n kinderhuiskind nie. Hulle is elkeen uniek en spesiaal en verdien die beste wat ons vir hulle kan doen of gee, geleenthede gee, wat hulle andersins nooit sou gehad het nie. Hulle het my kinders geword!

Ons huidige matrikulant is tans die langste hier, (11jr), was sy die bang onseker dogtertjie, dun beentjies en 'n bos hare! Die groot bang ogies wat vandag vir jou vierkantig in die oë kan kyk met 'n vreeslike ondeundheid, het sy 'n sonstraal persoonlikheid wat sommer gemaklik met enigiemand kan gesels.

**Hierdie is haar storie na 11jr by Ki-Deo:**

***Lewe in Ki-Deo uit my oogpunt...***

***Die einde Is in sig... na 11 jaar om 'n pad te stap saam die "Ki-Deo gesin" skop realiteit in en besef 'n mens dat die tyd vir my hier by Ki-Deo min raak.***

***Toe ek hierdie pad saam met die "Ki-Deo gesin" begin het was ek 8 jaar oud en het deur soveel pyn, hartseer en lekker lag tye met 'n fantastiese ma en pa en baie boeties en sussies deurgemaak, daardie "label" wat mense om jou nek gehang het, het verdwyn en kan enige kind wat in hierdie huis bly trots wees om te sê hulle is 'n kindershuis kind...alhoewel ons weet dat ons normaal is (nou en dan) en dat ons huis soos enige ander gesin se huis is. Hier by die "Ki-Deo gesin" aanvaar ons mekaar vir wie en wat ons is en moedig ons mekaar aan wanneer dinge bietjie rof raak. Een aand wat ek nooit sal vergeet nie, was die aand toe ons as boeties en sussies net gedans het terwyl ons besig was met die kombuis en vir daardie oomblik was ons ok. Ek sal altyd deel wees van hierdie gesin, maar sal die lekker lag of net lekker gesels oomblikke van "toe ek klein was..." onthou en wanneer Ki-Deo hulle boeke toemaak op my en ek is klaar met skool, is dit die boek wat ek dag en nag sal terug kyk op. Ek wil dankie sê vir ongelooflike ouers wat die krulkop kind van hulle ondersteun het en my deur die goed en sleg bygestaan het. Nog net 'n paar dae oor en weet ek date k die volwasse lewe kan aanpak want al kan niemand jou voorberei vir wat die lewe vir ons inhou nie, weet ek dat wanneer dinge moeilik gaan wees of dit nou is met my studies of net persoonlik, het ek "my" gesin om my moed in te praat en my hand vas te hou, al is ek groot.***

Kontakbesonderhede: 083 696 8600 of 012 644-2524

E-pos: [theresag@ki-deo.co.za](mailto:theresag@ki-deo.co.za)

[www.ki-deo.co.za](http://www.ki-deo.co.za)

FB: Ki-Deo

**Ek het geleer dat al glo jy nie meer in jouself nie, sal daar altyd mense wees wat net die beste in jou raaksien. Dankie dat die Ki-Deo gesin, my so v&euml;r gebring het en my gevorm het in die person wat ek vandag is,,julle skep hoop vir mense wat vergeet het wat die was en maak gebroke harte weer heel.**

**Sonder julle was ek v&euml;r van heel.**

**Lief julle-Fiela 🙌\***

En kry dan sommer 'n knop in my keel vir ons meisiekind wat nou op die drumpel staan van student wees. Nuwe geleenthede en nuwe uitdagings. Weet dat sy sommer baie goed sal doen en die beste "Fiela" sal wees wat Jesus bedoel het sy moet wees!

Julle is welkom om te kom kuier en die res van die gesin te kom ontmoet! Daar is baie maniere om betrokke te raak en daar is altyd 'n koppie koffie, baie gesellige mondjies wat hou van praat!

Blessings tot 'n volgende keer!

Theresa



Kuierdag by Lofdal Ouetehuis! Dit was 'n wonderlike kuieroggend en het die kinders dit so geniet dat ons beslis weer sal gaan kuier!



Piekniek by Rietvleidam, altyd 'n groot lekkerte en 'n hoogtepunt! Om so in die natuur te kan ontspaan, lekker te kuier en sommer net lui te wees, rond te ry en diere te kan sien, altyd 'n belewenis!

Kontakbesonderhede: 083 696 8600 of 012 644-2524

E-pos: [theresag@ki-deo.co.za](mailto:theresag@ki-deo.co.za)

[www.ki-deo.co.za](http://www.ki-deo.co.za)

FB: Ki-Deo